# *GENERALE MISSIVE*

***Nuusbrief van die Stigting VOC 3/13***
***Newsletter of the VOC Foundation***

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.* Internet: http://www-voc-kaap.org E-pos: vocinfo@voc.org Skakel/*Contact*: Mnr B. de Vries (Lidmaatskap /*Membership)* Tel.: 021-851-3850. e-pos: boudewyn@mweb.co.za. Mnr C. Wessel (Finansies /*Finance*) tel: 082-377-1682.

-----------------------------------------------------------------------------------------------

*Welaen Vrunden!*

**Verwelkoming**: Ons verwelkom graag ons nuwe lede, mnre I. van Zyl, Ad Keukelaar en T. Giliomee, mnr en mev. P.B. Offringa en Alan en Christel Harvey, en wens hulle ’n lang en gelukkige verbintenis met die Stigting VOC toe.

**† Prof.dr J. Th. de Smidt (1923-2013):** Emeritus-professor J.Th. de Smidt, een van die bekwame medewerkers aan ons beplande boek oor die geskiedenis van die Vereenigde Oost-Indische Compagnie in Suider-Afrika, is op 17 Februarie 2013 in Nederland oorlede. Saam met prof. dr. Gerrit Schutte was hy een van twee Nederlanders wat bydraes tot die publikasie gelewer het. Volgens prof. De Smidt se seun Eelco, was die laaste taak waaraan sy vader aandag gegee het juis om ’n kort curriculum vitae saam te stel vir opname in ons boek:

‘Prof. mr. Jacobus Thomas (Tom) de Smidt is op 19 Desember 1923 te Haarlem gebore. Nadat hy van 1947 tot 1954 assistent van prof. mr. H.F.W.D. Fischer was, het hy in laasgenoemde jaar die doktorsgraad in regsgeleerdheid aan die Rijksuniversiteit Leiden verwerf. Gedurende 1954-1956 was hy die griffier by die Vaste Commissie voor Jusititie van die Tweede Kamer, voordat hy in 1956 aangestel is as hoogleraar in oud-Nederlandse reg aan die Universiteit van Amsterdam. Vanaf 1965 tot met sy aftrede in 1989 was hy professor in oud-vaderlandse reg aan die Rijksuniversiteit Leiden en ook buitengewone professor in oud-Nederlandse reg aan die Universiteit van Amsterdam.

Talle publikasies het uit sy pen verskyn en saam met die Universiteit van Wes-Kaapland en die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, hy het ’n leidende rol gespeel in die optekening van die regsgeskiedenis aan die Kaap in die tyd van die VOC. Verder was hy aktief betrokke by die werksaamhede van onder andere die Archiefraad, Rijkscommissie voor Vaderlandsche Geschiedenis, Koninklijke Vereniging van Archivarissen Nederland en die Stichting tot uitgaaf der bronnen van het oud-vaderlandsch recht. Onderskeidings wat aan hom toegeken is, sluit in lidmaatskap van die Koninklijke Hollandsche Maatschappij der Wetenschappen (1972), Offisier van die Orde van Oranje-Nassau (1974), Offisier in die Kroonorde van België (1981), Ridder in die Orde van die Nederlandse Leeuw (1985), buitelandse lid van die Koninklijke Academie voor Wetenschappen en Schone Kunsten van België (1994), en ’n ere-doktorsgraad van die Potchefstroomse Universiteit (2001).

Sy hoofstuk oor die regsgeskiedenis aan die Kaap tydens die bewind van die VOC is ’n waardevolle toevoeging tot ons publikasie, wat nuwe insigte oor die onderwerp verskaf. Dit is vir ons ’n eer dat hy as medewerker so ’n belangrike bydrae tot die publikasie gelewer het; ons eer sy nagedagtenis.’ (Bydrae: Dr C. de Wet.)

**Mauritius:** Die Kompanjie se buitepos op Mauritius is van 1638-1658 uit Batavia en van 1664 -1710 uit die Kaap bestuur. Vyf jaar lank het net drosterslawe daar gewoon. Van 1715-1803 was dit ’n Franse kolonie, van 1723-1767 onder bestuur van die Franse Oos-Indiese Kompanjie. Die eiland het in 1803 Brits geword en die inwoners het in 1968 onafhanklikheid gekry. Gedurende die koloniale tyd het verskeie inheemse voël- en dierespesies uitgesterf, omdat hulle gejag is of omdat hulle habitat verwoes is vir reuse suikerplantasies. Die bekendste hiervan is sekerlik die dodo (VOC-taal: ‘*dodaersen*.’) wie se dood spreekwoordelik geword het. En al is hy dood wil hy net nie gaan lê nie. In 2009 het ons Jan de Hengst hier gehad met sy interessante boek ‘*The Dodo. The bird that drew the short straw.* (Marum, 2003.) daarna het Ria Winters se kleurvolle sketse *A treasury of endemic fauna of Mauritius and Rodrigues*. (Grand Baie, 2011.) verskyn en nou het ’n Nederlandse uitgewer haar Kaap toe gestuur om inligting in ons argief oor wyle *Raphus cucullatus* te versamel. Ons Stigting het haar hulp daarmee beloof en haar gevra om ons oor hierdie interessante onderwerp toe te spreek. Die datum en plek sal bekend gemaak word.

**Silwer Medalje:** Stigting VOC ken van tyd tot tyd ons medalje (van egte silwer, met ’n versilwerde replika vir algemene gebruik) toe aan ’n persoon wat ’n besondere bydrae tot die bewaring of bevordering van VOC-erfenis gemaak het. Vorige ontvangers is mnr. Robert Lightley (model-skeepsbouer), mnr. Marthinus van Bart (bewaringsjoernalis) en prof. Gerrit Schutte (historikus). Die Uitvoerende Komitee het besluit om vanjaar die vierde medalje toe te ken, aan kaptein Francois Morkel, gewese uitvoerende beampte van Kasteel de Goede Hoop, vir sy jarelange toegewyde diens (veel meer as wat sy plig vereis het) in belang van die VOC se grootste fisiese monument in die suidelike halfrond. Die oorhandiging sal gedurende Erfenisweek (derde week van September) plaasvind, by geleentheid van ons jaarlikse ete, op ’n Saterdagmiddag in die omgewing van Stellenbosch. Al ons lede en ander vriende word genooi om die seldsame geleentheid by te woon. Besonderhede volg in *Generale Missive, 4/13.*

**Kopiereg en die gebruik van ons logo.** Ons grondwet verskyn op ons webwerf. Nuwe lede word aangemoedig om dit daar te lees. Vir die aandag van alle voornemende gebruikers van ons logo en ander belangstellendes, is daar by ’n afbeelding van ons logo, ook die volgende inligting: **‘**Die VOC logo en kenteken is die uitsluitlike besit van die Stigting VOC binne die grense van die Suid-Afrikaanse Republiek. Geen persoon of organisasie mag die logo binne die grense van die Suid-Afrikaanse Republiek op produkte, vir bemarking of vir enige ander rede, gebruik nie. ’n Jaarlikse lisensiefooi van R25 000 is van toepassing as die logo vir kommersiële redes gebruik word, onderhewig aan toestemming deur die Stigting se bestuur. In spesiale gevalle kan oor afslag onderhandel word. Die fooi kan belasting-aftrekbaar wees. Die fooi sal jaarliks aangepas word, onderhewig aan lede se goedkeuring by die Algemene Jaarvergadering. Die lisensie is gratis beskikbaar vir opvoedkundige, navorsings en gemeenskapsprojekte, onderhewig aan die bestuur se goedkeuring. Alle inkomste uit lisensiefooie en tantieme word gebruik

vir navorsing, bewaringsprojekte en erfenisbevordering. As Openbare Voordele Organisasie is ons finansiële inligting op geskrewe versoek beskikbaar. Nader die bestuur om meer inligting.'

**Uit die Argief:** Wie het ons Kasteel ontwerp? Die name van militêre argitekte Van Coehoorn en selfs die destyds-jeugdige Vaubin word gereeld in verband met die ontwerp van ons Kasteel genoem. Anna M. Ras help ongelukkig ook nie, behalwe van die wal af in die sloot, soos met haar verkeerde gebruik van die naamwoord 'kat' vir die dwarsmuur, wat van 1956 af 'n paar geslagte van toergidse mislei, iets wat die Kasteel nog nie kon afskud nie. Wie het destyds Vaubin se naam in Ras se oor gefluister? Sy sê nie. [Anna M. Ras: Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingwerke, 1652-1713.' (Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit Stellenbosch, 1956.)] Nêrens in die Resolusies vind ek 'n verwysing na Vaubin nie. E.C. Godée-Molsbergen noem 'ingenieur Cool' as ontwerper van ons Kasteel in sy *Jan van Riebeeck en sy tyd,* (Pretoria, 1968.) p.117. As bron meld hy W. Ph. Coolhaas: *Gegevens over de vestiging aan de Kaap…uit de Generale Missiven.* [Historia XI (3), Sept.1966, pp.200-201.], maar in die betrokke teks vind ek geen teken van so-iets nie. Ons moet maar verder soek.

**De Compagnie in Stad Amsterdam**

Ek glo dat u hierdie beskrywing interessant en waardevol sal vind.

'De Compagnie zorgde… voor de meest uiteenlopende werkzaamheden, die alle geleid en gecoördineerd werden door het collegie van bewindhebbers, twintig in getal. Of het nu ging om het slachten van runderen, de tewaterlating van een nieuw Oost-Indiëvaarder of de aankoop van hennep voor de lijnbaan. In de jaren veertig waren hierbij circa 1300 mensen ingeskakeld. Ongeveer 180 man had een vaste baan op het Oost-Indisch Huis en op Oostenburg. Ruim 1100 geschoolde en ongeschoolde arbeiders waren in dagloon. Dit laatste aantal liep tot 1790 op naar 1319.

Het Oost-Indisch Huis vormde het hart van de Compagnie. Het was gelegen op de hoek van de Kloveniersburgwal en de Hoogstraat, dus dicht bij de Dam. Het was een complex van gebouwen, tussen 1603 en 1661 op kosten van de stad tot stand gekomen. De Kamer huurde het geheel, totdat zij het in 1722 van de stad kocht. Het complex bestond niet alleen uit de vergaderzaal en de kantoren, maar ook uit een slachthuis en een magazijn voor victualie en handelsgoederen. Naar het eiland Oostenburg, gelegen naast het eiland Kattenburg met de admiraliteitsvoorzieningen, was het zeker een half uur lopen; het was gelegen in de meest noordoostelijke hoek van de stad. Hier lagen, beschermd door twee bolwerken op de stadsomwallingen, de Werf en de grote magazijnen. Oostenburg was ongeveer terzelfdertijd als Kattenburg en Wittenburg aangelegd, dus tussen 1655 en 1660. Het hele gebied was hoofdzakelijk voor scheepsbouw en reparatie ingericht. De Compagnie had het terrein in 1661 gekocht. Hier stond nu een enorm, vier verdiepingen hoog magazijn; de afmetingen bedroegen 177 bij 20 meter. In 1720 kwam er en tweede magazijn bij, terwijl in 1752 nog een aparte zeijlmakerij en vleesloods werden gebouwd. De lijnbaan was 500 meter lang. De werf voor nieuwbouw en reparatie was de grootste in de Republiek. Er waren drie hellingen.

Veel van het personeel woonde in de directe omgeving. Voor de bewindhebbers die belast was met toezicht, was Oostenburg een uithoek. Ze lieten zich graag daarheen in zogenoemde sleepkoetsen vervoeren. Voor gewone koetsen bestond namelijk in de stad een vrij algemeen rijverbod.' [J. Bruijn: *Schippers van de VOC in de 18de eeu aan wal en op zee*. (Amsterdam, 2008, p.89.)]

**Ledegeld:** Die Komitee moedig graag lede om hulle ledegeld te betaal, en bedank almal wat vrywillige skenkings gemaak het.

**Posklippe:** Vandat die Portugese in 1488 (en ná hulle die Nederlanders, Engelse en ander nasies) om suidelike Afrika begin seil het, is boodskappe op klippe gegraveer om aan die wat na hulle kom te laat weet hoe ver hulle op die roete gevorder het. Soms is daar 'n byvoeging: Soek hieronder vir briewe. In die Iziko SA Museum is, benewens Portugese en Engelse stene, sewe VOC posklippe wat van Tafelbaai se strand versamel is. Die pre-koloniale of 'posklip- periode' was in 1652 verby, omdat die Kompanjie 'n permanente diensstasie hier gevestig het.

Op Madagaskar staan nog veel meer VOC posklippe uit die pre-koloniale tyd, onbeskerm teen die weer en vandalisme. Die Nederlandse Argief se afdeling 'Gemeenschappelijk Cultureel Erfgoed' beplan om 'n dokumentêre video oor posklippe as kultuurhistoriese voorwerpe te maak. Natuurlik kom hulle ook Kaap toe, en ons Stigting het hulle alle hulp beloof. Die Van Ewijk Stigting, wat al verskeie van ons projekte ondersteun het, het ook tot hulle begroting bygedra.

Mara de Groot van die Nederlandse Archief, die historikus van die span, het beloof om ons oor dié interessante onderwerp toe te spreek. Ons weet nog nie die plek of datum nie, maar sal u betyds verwittig. Soos gewoonlik is alle belangstellendes welkom.

**Toer na buiteposte van die Suid-Kaap.**
Ons groepbesoek aan die agtiende eeuse buiteposte Mossel Baaij, Houteniquasland en Plettenbergs Baaij op 15,16 en 17 April was 'n besonder aangename en leersame ondervinding. Die weer was mooi, die spangees was uitstekend, alles het pragtig uitgewerk soos beplan.

Op Mosselbaai het ons die Kompanjie se herboude graanstoor besoek, die Portugese 'posboom,' die karveel-museum en die historiese vlermuisgrot, waar nou ook tekens van menslike bewoning ontdek is. Omdat Helena weens siekte moes tuisbly is haar interessante inligting deur toervader Leon voorgelees. Die naam Kaap St Blaize wat tans vir die Mosselbaaise Punt in gebruik is, is van Franse herkoms, gegee deur waarnemende ekwipasiemeester Francois Duminy, wat die baai tussen 1782 en 1785 gekarteer het. Die Portugese weergawe van die naam, vir die kaap en die baai, is Sao Bras, na 'n Katolieke heilige wie se dag jaarliks op 3 Februarie herdenk word. Dit het die vraag laat ontstaan (eerste by prof Verwoerd) of Brasilië nie na dieselfde man vernoem is nie? Ek sal graag wil weet. Kan iemand help?

Op George het mnr N. de Swardt ('n afgetrede diplomaat) van die Historiese Vereniging ons in die bus vergesel na twee plekke in die dorp waar Houteniquasland se

poshuis moontlik gestaan het, en ons vertel watter navorsing hulle Vereniging gedoen het om die regte een te probeer vasstel. Vreemd dat so-iets vergete geraak het. Ons het ook die dorpsmuseum besoek, waar die Van de Graaff-baken bewaar word, en hulle interessante uitstalling oor houtkappery in die omgewing. Houtkappery was daardie buitepos se hooffunksie.

Ons formele dinee was in die Beacon Isle Hotel op Plettenbergbaai, 'n klipgooi van waar die VOC se baken (in replika) nog geplant staan. Ons vlag het die aand van die dakbalke gehang en ons gassprekers was mnr J. en mev. I. Jerling, direkte afstammeling van die Johan Jerling wat meer as twee eeue gelede die houtstoor vir die Kompanjie aan die voet van die klipkoppie gebou het waarop die baken geplant is. Mnr Jerling het baie moeite gedoen om die murasie van sy voorvader se houtstoor herbou te kry sodat dit as 'n dorpsmuseum gebruik kan word, maar is telkemale deur amptenary gedwarsboom. Hulle het ook die plek (op hulle eie erf) ontdek waar oorlewendes van die Portugese skip Sao Gonçalo in 1630 kampeer het, terwyl hulle twee bote uit die wrakhout optimmer. Die Jerlings het 'n groot hoeveelheid argeologiese materiaal soos porselein, spykers, knope en gespes versamel en aan die munisipaliteit geskenk.

Wat ek lank sal onthou, en dit is die maatstaf waaraan ek die sukses van die toer sal meet, is die entoesiasme en belangstelling waarmee ons mense op die laaste oggend saamgedrom het om die glaskaste met oorblyfsels uit die Sao Gonçalo-wrak.

Met die terugkom het ons in die Knysnabos by die Groot Boom gestop en 'n sirkelroete van omtrent een kilometer deur die bos geloop. Daar was sierlike, hemelhoë opregte geelhout, outeniekwasgeelhout (*sic*, aanmekaar geskryf), stinkhout, assegaaihout en ysterhout met 'n digte onderbos van groot donker varings. Die rustige atmosfeer en waardige stilte was opmerklik, amper plegtig, soos ek laas by Beckett se graf in die Canterbury katedraal gevoel het.

Ons het ook by buitepos Rietvalleij aan de Buffelsjagtrivier aangery om ons eie gedenkteken te besoek. Foto's wat dr J. Mets daar van Erfenis Wes-Kaap se foutiewe bronsplaat geneem het, het ek gebruik om weer die saak onder hulle Direkteur, mnr Hall se aandag te bring. Die gevolg is dat hy onderneem het om hulle bronsplate met VOC-skakels te ondersoek vir foute, as ons hulle daarmee sal help. Maklik.

Soos gewoonlik het ons 'n hoed omgestuur ten behoewe van Hilton Ross se busedrywer, 'n aangename, intelligente en vaardige man wat elke versoek behoorlik en ten volle uitgevoer het. Ek glo dat die verbasende bedrag daar ingesamel die tevrede gevoel wat in ons bus geheers het, weerspieël.

Ten slotte 'n woord van dank aan die organiseerders Helena en Wium, twee ervare en kundige perfeksioniste, wat vooruit aan elke situasie gedink en dit getoets het. En ook aan ons getroue ondersteuners wat dié lekker toer laat gebeur het. Ons het goed gebruik gemaak van die handige draagbare luidspreker wat lid Roelof Brits aan ons Stigting geskenk het. Die wyn wat ons by die dinee geniet het, was 'n skenking van dr Johan Mets.

Kyk na die mooi foto's op ons webwerf (adres bo-aan bladsy 1.)

Waarheen toer ons hierna? Die enigste buiteposte wat oorbly is St Helena-eiland, Maputo en Mauritius. Verder weg is daar nog Nederland, Ceylon en Batavia.

**PIET SIT ASB TOERFOTOS HIER: (1)toergroep by bus voor die grot, (2) groep binne die murasie?**

**Gevind:** ’n Swart sambreel van goeie kwaliteit, op ons toerbus vergeet. Bel asseblief as dit aan u behoort, dat ek dit terug besorg.

**Nog uitstappies vanjaar:** Ons beplan besoeke aan interessante plekke naby Kaapstad soos die VOC-buitepos Vissershok (gestig c. 1685), die plaas Sondagsfontein (’n uitgif uit die VOC-tyd) en die dorp Philadelphia, hoofdorp van die Koeberg. Nader besonderhede volg, sodra alles gereël is.

**Ds. Van Lier se graf.** U sal onthou dat ons verlede jaar op ’n mooi herfsoggend die graf van ds H.R. van Lier, een van die laaste VOC-predikante en ’n persoon wat baie in sendingwerk onder Koina en slawe belang gestel het, in Nuweland besoek het. Nou het die Groote Kerk gemeente, eienaars van die terrein, die graf herstel en omhein en ’n inheemse tuin daarom geplant. Baie mooi, netjies en waardig. Martiens van Bart het in *Die Burger* van 20 April 2013 daaroor berig, met ’n mooi foto daarby. Dank aan al ons lede wat tydens ons besoek ’n geldelike bydrae gemaak het.

**Modelskip *Meermin*.** Die model-skeepstimmerman Brian Donnelly het ons genooi om te kom kyk hoe ver hy met die model gevorder het. Die romp en dek is voltooi, die maste staan, en die stenge en ra’s is gereed om gehys te word. Daarna word die maste opgetuig. Die spesiale tou wat hiervoor gebruik sal word is ’n geskenk van mnr Ian van Oordt, net soos Brian ’n gewese leerling van ons eerste Medalje-wenner, Robert Lightley. Ian het sy eie miniatuur-lynbaan gebou, om tou van verskillende diktes volgens skaal vir skeepsmodelle op te slaan. (’n Lynbaan is ook ’n *touslagerij* genoem.) Vir ons *Meermin*-model se tuig is 7 km spesiale katoengaring opgeslaan. Ian se donasie aan die *Meermin*-boufonds is ongeveer R500 werd. By die Chatham Maritieme Museum is ’n werkende lynbaan van ’n kwartmyl lank (440 tree, onder een dak) uit die agtiende eeu, waar daagliks demonstrasies van touslaery te sien is. Ons beplan om die model binne drie maande in bruikleen aan Iziko Museums te oorhandig, met die nodige formaliteit en gebruiklike feestelikheid. Die leier van die projek is Piet Westra, wat geen moeite gespaar het om ’n groot sukses daarvan te maak nie.

**FOTO OF TWEE VAN LYNBAAN**

Die boufonds is nog omtrent R30 000 kort van sy mikpunt van R90 000. By ‘Die sogenaamde Van Riebeeck-heining’ -praatjie op 6 April het die gehoor R1795 tot die fonds bygedra. Dankie, vriende.

*Behouwde vaert!*

D.SLEIGH (Dr)
REDAKTEUR
30 Junie 2013